**Woensdag 27 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 139 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Psalm 139:1-6**
**God weet alles en is orals**

"U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit. U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit" (vs 1-3, AFR83). En dan: "U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my"(vs 5, AFR53), "dit is te hoog vir my begrip"(vs 6, AFR83).

God weet alles en God is orals! Ek kan nie vir Hom wegkruip of iets, hoe klein ook al, wegsteek nie. Hy ken my woorde nog voordat ek dit gesê het. Hy is almagtig en alomteenwoordig.

God se liefde oor my as sy kind is oneindig groot, te wonderbaar vir my, te hoog vir my begrip. Ek staan sprakeloos voor hierdie wonder en ek vra myself baie keer af: Hoe kan God my so liefhê as ek so dikwels ongehoorsaam is of verkeerde dinge doen of dink? U weet van alles, U is orals, en tog lê U u hand op my en verseker my dat ek u kind is. Dan besef ek opnuut wat die woord "Immanuel" beteken: God met ons! God is elke dag by my, orals en altyd, waar ek ook al gaan. Ek is nooit alleen nie en God sal my nie alleen laat nie.

Aan die kruishout moes ons Here Jesus die grootste eensaamheid deurmaak toe Hy uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?", en dit sodat ons nooit alleen sal wees nie, maar vir ewig sy kinders sal wees. God is elke dag by jou, deur sy Woord en deur sy Heilige Gees.

Hierdie wonder van God se genade is onbegryplik groot. Dit sê Dawid, is te hoog vir my verstand!

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 3*

*Ds. PJ van der Walt (Pieter) (emeritus)*